

NOTULE VAN DIE BELASTINGBETALERSVERENIGING SE UITVOERENDE
KOMITEEVERGADERING nr4/2022, GEHOU OP WOENSDAG 6 JULIE 2022 OM
18:00 IN DIE KANTORE VAN GLENIQUA EIENDOMME.

1. VERWELKOMING... Waarnemende voorsitter, Lood de Klerk, verwelkom almal teenwoordig KONSTITUERING / KWORUM TEENWOORDIG
2. Daar word 'n regstelling gemaak en gemeld dat daar wel by die vergadering van 1 Junie 2022 'n kworum bereik was en wel weer met hierdie vergadering.
3. OPENING: Vergadering word ge-open met gebed.
4. Verskonings: Rdl A J van Rensburg, Eric Marais, Karel Grové, Ann Pretorius en Frik Nel
5. Voordat agenda vasgestel word, word nuwe ampsdraers verkies as volg:
6. VERKIESING VAN VOORSITTER, O/VOORSITTER, SEKRETARIS/-ESSE, TESOURIER.

Voorsitter – George Nezar
Ondervoorsitter – Lood de Klerk
Sekretaresse – Michelle Smith
Terourier – Cecil Barry

George bedank die lede vir die vertroue en is gelukkig om voort te gaan met die hulp van ander aanstellings.

Almal stel hulself voor aan die ander lede ter inligting van die nuwe lede:

Johan Spies: Tergniet - siviele ingenieur.
Sollie Grobler: Reebokrif – siviele ingemeur
Lood de Klerk: Reebokrif-Rooibok tot Tsesebe
Gerhard Koortz: Reebokrif (Wag-n-Bietjie) – Staatsdiens afgetree
Rene Bongers: Reebokrif: Toerisme Afgetree
Pieter du Plesis: Telekomunikasie - Openserve
Eddie du Plooye: Afgetree by Denel. Reebok Suid v Spoor
Cecil Barry: Sivieltegnies - Reebok Suid van spoor
Pieter le Roux: Kleinbrak – Eiendoms agent
Gert Pretorius: Treindrywer – Rooibok tot Tsesebe
Anton Dalemein: Raadslid / Lugvaart betdryf
Fikkie Rheeder: Tergniet - Buurtweg
Robin Fick: "Audit manager chairmen of concervancy
Andre du Plooy: Kraglyne - Buurtweg aangesluit bewarea
George Nezar: Tergniet – Eiendomsagent
Michelle Smith: Fraaiuitsig – Eiendomsagent

Ons is bevoorreg om al hierdie lede met kennis by ons vereniging te hê.

7. GOEDKEURING NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: Word algemeen aanvaar as goedgekeur vir plasing op webtuiste.
8. VASSTELLING VAN AGENDA
Die volgende punte word bygevoeg:
Munisipale vooruitbeplanning volgens die berig in Advertiser

Kommunikasie kanale
Gazelle Str 7 terugvoer
Grondwet - op die webwerf
Jaar beplanning
Vaststelling van agenda afgehandel

- 8.1. SELFOON SEIN VIR MIDBRAK: Vodacom: Wou 3 jaar terug perseel benut by hoek van Impala / Koedoe.
- 8.2. Pieter. Wie is die diensverskaffer (Vodacom??). Toring het blind spot so moet bepaal waar is die beste plek. Pieter Sal dit dryf.
- 8.3. Anton. Agtergrond? Nie n quick fix.
- 8.4. OPGRADEERING VAN REEBOK GEMEENSKAP SENTRUM:
- 8.5. Robin: Vary poor show for the community. Bad impression.
- 8.6. Anton: was paar jaar terug gevef. Maar is nodig. Moet kyk na aanslag en bome ens. Daar is fondse. Hopelik in die finansiele jaar.
- 8.7. Robin: do a letter to the municipality. Hoekom moet ons huur betaal.
Anton: Moet huur vra, maar beleid verander om hande te vat met belastingbetalers en buurtwagte. Van 1 Jul af verander. Hulle werk aan n oplossing. Sal terugvoer kry. – Rdl Anton
- 8.8. VERSLAG VAN CECIL EN EDDIE – TERUGVOERING
Cecil en Eddie Se verslag is gesirkuleer en is beantwoord. Voorbeeld van hoe dit gedoen kan word deur lede.
- 8.9. HERSTELWERK – KUSWEG: Cecil: Die kontrak is gekanselleer en die opgradering is gestaak, maar wat wel gedoen is moet onderhou word.
- 8.10. Rdl Anton sal opvolg
- 8.11. 80KM/H SPOED OP R102. Gerhard: Verstaan nie die terugvoerbrief nie. R102 Porvinsiaal. Robert Jansen van Mun hanteer met toepaslike owerheid. Sal blykbaar reggestel word. 2 riggings nie dieselfde nie.
- 8.12. Impala kruising bord sluif en van 100 - 80. Doen opvolg op skrywe. Gerhard Koortz.
- 8.13. ESKOM EN KRAG ONDER BESPREKING Kragroete was verbeter. Weer met n probleem. Krag aan en af. Mun moet kyk wat die ontwerp probleem is en stel reg.
- 8.14. Anton: Daar is voldoende krag Netwerk kan nie load shedding altyd hanteer nie en kundiges herstel dadelik. Gekyk na oplossings en mun doen hul bes. Paal het gebrand en die aan en af vererger. Eskom hanteer skakeling. Lyne vanaf mosdustria en tenders uit vir n oplossing van krag. Mun is vooruit met beplanning.
- 8.15. Brei baie uit en ons wil weet of ons stelsel dit kan dra. Anton reken ons moet n besoek reel vir substasies sodat almal kan weet wat aangaan.
- 8.16. MUNISIPALE BEPLANNING: Vooruitbeplanning vir Mosselbaai is in die Advertiser van 1 Julie.2022. Baie insigewend.
- 8.17. KOMMINIKASIEKANALE
Cecil en Eddie: net dat almal weet wat hul moet doen. Ry net 1 keer n maand deur jou area en kyk na die verslikkende goedjies/probleme. Goeie terugvoer van die mun. Padtekens voldoen nie aan voorskrifte nie. Jul moet kommunikeer aan relevante persone verantwoordelik.
Michelle: sal Areas elektronies opstel en aan almal stuur.

Wyk tel probleem op. Gee deur aan verantwoordelike persoon. Deur aan admin en die relevante persoon. Direkteur betrokke. Ook die voorsitter en raadslede. Admin monitor dat die relevante Aksies geneem word.

By skrywes: sit naam onder met jou protefulje en teken namens die voorsitter.

Briefhooftempmaat doen en beskikbaarstel - Michelle

Klein goed kan direk hanteer word **44802 SMS nommer.**

8.18. GAZELLE LN 7 TERUGVOER

Michelle: Kan munnusipaliteit dalk reel verander of eienaars verplig om bouwerk klaar te maak wat baie lank sloer. Netheid en veiligheid. Gaan voort met klagte. Volg op met bouinspekteur.

8.19. GRONDWET OP DIE WEBWERF: Ons Grondwet is beskikbaar op ons webtuiste. Huidige konstutisie. Elkeen kan daarna gaan kyk

8.20. JAARBEPLANNING: - BESLUIT: eerste woensdag van elke maand om 6nm. Elke kwartaal dalk oop vergadering.

8.21. Saal bespreek vroegtyding vir Desember se algemene jaarvergadering op 19 Desember om 18:00. (Voorsitter)

Volgende vergadering 3 Aug: boubeheer? Rig aan Carel Venter.

September: Munisipalemedia skakelpersoon nooi

Oktober: Parkeafdeling

9. VERSLAE VAN AREA KOMITTEELEDE

Terugvoering ontvang van Cecil en Eddie. Bespreking rondom pligte van komiteelede. Dit sal weer per e-pos uitgestuur word. - voorsitter

Komiteelede aangewys tot areas:

Doen indelings eerste:

10.WYKSKOMITEES:

Pieter le roux en Gert Pretorius- wyk 4,

George Nezar en Johan Spies - wyk 5,

Bewarea- Robin Fick en Andre

Kleinbrak rivier forum - Pieter le roux is skakeling persoon.

Dorps beplanting en ontwikkeling Pieter du plesis en Michelle Smith.

Paaie en storm water - Sollie Grobler en Cecil Barry

Water riool -Johan Spies.

Elektriese Dienste en afval- Andre

Gemeenskap en veiligheid – Frikkie Rheeder.
Skoonmaak van Erwe en groen gordels - Eddie du Plooy en Gert Pretorius.
Regsdiens Gerhard Koortz
Facebook Ens. George Nezar en Michelle Smith.
Admin Michelle Smith
Toerisme en media- Rene Bongers
Webtuiste: Claus Ulrich laai die data op WEB
Groengordels Robin Fick hanteer

11. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VERGADRING GEHOU 1 JUNIE 2022

- 11.1. Plant van bome op sypaadjies Cecil aanvaar die plig om hierdie projek te dryf.
- 11.2. Mun het bome beskikbaar. Wilde perske Koorsboom Wilde pruim. Dirk Zietsman of Francois.
- 11.3. Plant moet inheems aan Suidkaap wees. Gemeenskap kan vra vir bome slegs vir sypaadjie. Francois Nieuwoudt het lys of vra wat jy wil hé. Hul sal plant maar Eienaar moet dit onderhou. Munisipaliteit het wel reels hier rondom. Maksimum 3 op sypaadjie.
- 11.4. Doen Facebook bemerking . Kry dalk staaner met lys van bome by Pick n Pay. (Andre sal opvolg) Mun media beampte kan begin en sien dat hul dit weer deurgee op nuusbrief.
- 11.5. Verfraaiing by Reebok saal. Plant laning in De Jagerstraat opad see toe.
- 11.6. Cecil voel hou dit by Munisipaliteit dat Eienaar self moet besluit. Cecil sal met Francois kommukeer. Op Jaarvergadering kan ook bespreek word.. (Cecil Sal opvolg.)
- 11.7. Visitekaartjies, George sal die tesorier vra vir druk van nuwe kaartjies.
- 11.8. Stormwater Probleem: Sollie en Anton het gesprekke gevoer. 70% van areas het nie stormwaterafvoer nie. Sollie vra raadgewende firma informasie indien aangestel word en kan kyk na die Midbrak area. Konsultante is aangestel volgens Anton. Sodra verslag beskikbaar is kan ons hervat. Meer plaveisel vererger probleem. Verslag behoort binne 1 maand beskikbaar te wees. (Anton volg op)
Pieter reken bouinspekteurs is nie genoeg inspekteurs vir probleem nie.
George: beplanning afdeling, Carel Venter gevra word vir spesieke voorskrifte oor plaveisel. Is daar n reel. (Pieter du Plessis)
Spesifieke problemeiendomme moet deur lede geidentifiseer word.
Cecil. Kyk eers na die krisiese punte . Stormwater persoon moet aangewys word. Iemand moet dit dryf. (Cecil Barry en Sollie Grobler)
Anton: nie persoonlik betrokke raak nie. Gee deur aan bouinspekteur.
- 11.9. Padtekens in die Spoorreserwe
Mr Jansen van verkeer law enforcement.
Sou met transnet kontak maar niks gebeur. Padteken onduidelik.
Mun stuur briewe maar moedig ander groepe ook aan om dit te doen.
George:Sou mun nie komitee stig om te kontak met ander soos Sanral Transnet nie? (Anton volg op)
Cecil en Sollie moet asb dryf. Probleme deurgee ens. Law enforcement Robert Jansen.
Lood - padtekens. Aangewys van persoon. (Sollie Grobler)

11.10. Plasing van molloks in plek van vullishokke

Probleem. Persone staan rond/ slaap daar/ gaan deur sakke/ Reebok raak ook probleem soos Grootbrak. Bemors ook omringde areas. As iemand mors en jy sien dit, neem foto en stuur aan Mun wat werk daaraan om oplossing te vind. (A J v Rensburg)

11.11. Sandmyn – Deel 33 van die plaan Klipheuwel 143 sandmyn. John Robertson. Voorheen suksesvol, privaat grond, bevorder grondgehalte. Saak afgehandel

11.12. Padreseerwe oorskredings: Impala weg 82 en 84 / Struktuur: Grysbok In 83 Regskwessies: impala 82 en 84. Padreseerwe oorskrei. Kennisgewing, regsproses 82 - moes afbreek. 84 eksterne Prokureur se hul sal gehoor gee, maar geen datum. Dis n opvolg proses. Mun regsafdeling moet uitklaar. (Gerhard Koortz gaan opvolg en proses oorneem.)

12. TERUGVOER: PERMANENTE AGENDA PUNTE

12.1. Pligetstaat: Reeds uitgestuur, sal weer doen. (Admin)

12.2. MBBV-Finansies: Cecil Barry sal hanteer

12.3.

Buurtweg: Frikkie Rheeder:: 2020 10 gevalle. Na lockdown 76. 18% deur vensters en deure gebreke. 50% alarm. Instap 19%. Geen alarm aan 57%. Nalatigheid 75%.

Gemeenskap moet besef die eerste stap is jou eie verantwoordelijkheid. Probeer opvoed. Sekuriteuts firmas gaan praatjie hou. Groot probleem! Huis nommers! Huise sonder nommers en opsit daarvan teen n koste. Moet probeer reg kry en inwoners aanmoedig.

Deur Buurtweg word dit al wyd versprei. By hulle beskikbaar en is iets wat ons kan gebruik.

Kameras: R102 werk. Plaaslike kameras is hul besig met mun om dit te doen. Praat met die mense in die area.

Strate is deurmekaar. Staatname met nommers bykry. Gleentheid om positiewe bemarkingsaksie te kan dryf.

12.4.

Bewarea: Robin Fick: undecided with problems in 928. Developments are taking over. Now focus on 928 cleared path. Stabilise the path. Planted 300 poles. Poles donated. Woodcutter available Problem is stealing and selling. Sakkeappers spread rubbish in the bewarea. Recent Fire could have taken everything out. Lost area big as half rugby field. Mountain bikes are damaging poles. Put barriers up. Could declare as a nature reserve. Not an easy step. 13-14 years was going to transfer to mun, but state made a mistake. 4 ways to protect. Cape nature advised to declare nature reserve. Leaving Spoornet out. Did a tour yesterday and was satisfied and going to be in contact with the correct people in CT to restart the process. Open meeting tomorrow. 14:00 tour 15:00 meeting.

13. TOEKOMSTIGE SPREKERS VAN DIE MUNISIPALITEIT: Toekomstige spreker van mun: bouinspekteurs afdeling,

Finansies: George oorhandig kleinkas R1,247-10 aan Cecil Barry as nuwe Tesourier. **Tekenmagte by Bank om te verander as volg:** nl George Nezar-Voorsitter, Lood De Klerk – ondervoorsitter en Cecil Barry as Tesourier. (Twee van die Drie persone om te teken vir enige aksies op die bankrekening)

14. MUNISIPALE KONTAK BESONDERHEDE:

SMS: 44802

Skakelbord	044 606 5000	Operateur	Nooddienste Na-ure	044 606 5107	Operateur
Elekt. Dienste	044 606 5082		Finansies	044 606 5009	
Paaie & Stormwater	044 606 5282		Voorsienings Dienste	044 606 5192	
Water & Riool	044 606 5282		Brand & Ramp bestuur	044 691 3722	Operatuer
Na-ure	044 606 5000		Stadsbeplanning	044 606 5073	